VOL 32/09 SEPTEMBER 2026

WILD & JAG GAME & HUNT



Outdoor Skincare Without The Fuss

The Moment I Almost Gave Up

She Hunts Her Own Way

The 7mm PRC

DAMESJAG

'n Geregistreerde Nie-winsgewende Maatskappy
Reg. Nr.: 2026/518614/08

Jag met 'n doel. Elke skoot maak 'n verskil.

15–20 September 2026 | Alpetra Nature Reserve

Ons storie

Ten bate van HelpJag
Damesjag NPC

Damesjag is 'n groep passievolle vrouejagters wat glo dat jag oor veel meer gaan as trofeë.

Vir ons gaan dit oor verantwoordelike wildbestuur, bewaring en om terug te gee aan die gemeenskappe waarin ons leef. Dit gaan ook daaroor om vroue in die jagbedryf te bemagtig om hulle aan te moedig, nuwe geleenthede te skep en 'n ruimte te bied waar hulle kan groei, leer en hul passie vir jag met selfvertroue kan uitleef.

Ons glo dat elke vrou, ongeag haar ervaring, 'n plek in die jaggemeenskap het en dat jag mense bymekaar bring rondom 'n groter doel.

Vir ons gaan dit oor

- **Bewaring**
- **Gemeenskap**
- **Vrouebemagtiging**
- **Kos op tafels**
- **Hoop vir die toekoms**

Sedert die ontstaan van Damesjag word elke jaar wildsvleis ingesamel en aan HelpJag geskenk, waar dit verwerk en versprei word na behoeftige gemeenskappe regoor Suid-Afrika.
Vir baie mense is 'n jag net nog 'n dag in die veld.
Vir duisende kinders beteken daardie selfde jag 'n voedsame maaltyd.
Vir gesinne beteken dit hoop.
Vir bejaardes beteken dit waardigheid.

'N NUWE HOOFSTUK

2026 is 'n besondere jaar vir Damesjag.
Ons is nou amptelik geregistreer as Damesjag NPC, 'n Nie-wingewende Maatskappy.

Hierdie stap stel ons in staat om die projek verder uit te brei,
meer vennote te betrek, meer vroue die geleentheid te gee
om deel van hierdie inisiatief te wees, en jaar na jaar 'n groter impak in
Suid-Afrika te maak.


ONS IMPAK

Sedert die ontstaan van Damesjag het hierdie projek jaarliks gegroei en al hoe meer wildsvleis aan HelpJag beskikbaar gestel.



**HIERDIE SYFERS VERTEL DIE VERHAAL
VAN WAT MOONTLIK IS WANNEER MENSE SAAMWERK.**

HELPJAG



WAAROM HET ONS U ONDERSTEUNING NODIG ?

DIE HART VAN DAMESJAG IS EENVOUDIG

Om soveel moontlik wildsvleis aan HelpJag te skenk, sodat dit verwerk en versprei kan word na gemeenskappe waar dit die nodigste is.
Om hierdie doel te bereik, is finansiële ondersteuning noodsaaklik.

Die grootste gedeelte van alle boodskappe en donasies word aangewend om die kostes van die wild wat tydens Damesjag gejag word, te dek.

Deur hierdie diere te finansier, maak u dit moontlik dat duisende kilogram hoëgehalte proteïene uiteindelik op die tafels van behoeftige gesinne beland. Daarbenewens help u ondersteuning ook om noodsaaklike

UITGAWES SOOS DIE VOLGENDE TE DEK

- Verwerking van die wildsvleis
- Vervoer en logistiek
- Koel- en bergingskoste
- Organisering en administrasie van die projek
- Bemarking en bewusmaking van Damesjag



Elke rand wat geskenk word, word verantwoordelik aangewend om die maksimum hoeveelheid wildsvleis by HelpJag af te lewer.

As'n geregistreerde Nie-winsgewende Maatskappy (NPC) is Damesjag daartoe verbind om fondse met integriteit, deursigtigheid en verantwoordbaarheid te bestuur.

Ons missie is eenvoudig

Om elke borgbydrae in voedsel, hoop en 'n tasbare verskil vir Suid-Afrikaanse gemeenskappe te omskep.

Maak saam 'n verskil

Damesjag is veel meer as 'n jaarlikse jag.
Dit is'n gemeenskap van mense wat saamwerk om hoop te bring waar dit die nodigste is.
Elke borg, donateur en ondersteuner speel 'n onmisbare rol in die sukses van hierdie projek.
Sonder u ondersteuning sou dit nie moontlik wees om jaar na jaar duisende kilogram wildsvleis aan HelpJag te skenk nie.
Ons nooi u uit om nie net 'n ondersteuner van Damesjag te wees nie, maar 'n vennoot in hoop. Want saam kan ons meer doen as om net wildsvleis te skenk - saam kan ons lewens verander.

Hoe kan u betrokke raak?

U kan Damesjag ondersteun deur:

'n Finansiële bydrae te maak.	'n Dier of gedeelte van 'n dier te befonds.	Produkte of dienste beskikbaar te stel wat die projek ondersteun.	Die projek binne u onderneming of gemeenskap te bevorder.

Elke bydrae, groot of klein, bring ons 'n tree nader aan ons doel. Erkenning aan ons vennote. Ons waardeer elke persoon, onderneming en organisasie wat besluit om deel van Damesjag te word.

As 'n teken van ons waardering sal vennote wat R10 000 of meer bydra, die geleentheid kry om hul maatskappy se logo op die amptelike Damesjag-hemde te laat borduur.
Hierdie hemde word deur die jagters tydens die jag gedra en simboliseer die vennootskap tussen Damesjag en die ondernemings wat hierdie projek moontlik maak.

Ons glo egter dat die grootste waarde van u ondersteuning nie sigbaarheid is nie, maar die wete dat u help om voedsel, hoop en waardigheid na gemeenskappe te bring wat dit die nodigste het.


SLOTWOORD

Wanneer ons die sneller trek, eindig die storie nie daar nie. Vir ons begin dit juis daar. Elke dier wat tydens Damesjag gejag word, word omskep in voedsel vir gemeenskappe wat dit die nodigste het. Dit beteken kinders wat met 'n vol maag skool toe kan gaan. Bejaardes wat nie honger hoef te gaan slaap nie.
Gesinne wat weer hoop kry. Daarom jag ons. Daarom het ons vennote nodig. Daarom maak elke bydrae 'n verskil.

DONASIES

Indien u of u onderneming Damesjag wil ondersteun, kan alle donasies direk in Damesjag NPC se bankrekening inbetaal word.

Bank: FNB
Rekeningnaam: Damesjag NPC
Rekeningnommer: 63217266857
Takkode: 250655
Rekeningtipe: GOLD BUSINESS ACCOUNT



DAMES
in aksie

Gefokus en doelgerig
in die veld met trots
en ware passie.











Artikel 18A *Belastingsertifikaat*

Damesjag NPC kan, op versoek, 'n Artikel 18A-belastingsertifikaat uitreik vir kwalifiserende donasies.

Indien u onderneming of organisasie 'n Artikel 18A-sertifikaat benodig, stuur asseblief die volgende besonderhede per e-pos aan:

Jonél Fouchee

Voorsitter & Projekorganiseerder

jonel@dameajag.org.za

Die volgende inligting word benodig:

- Volle naam en van / Geregistreerde maatskappynaam
- ID-nommer of Maatskappyregistrasienommer
- E-posadres
- Telefoonnommer
- Inkomstebelastingnommer
- Donasiebedrag
- Datum van betaling
- Bewys van betaling

'n Artikel 18A-belastingsertifikaat sal uitgereik word sodra die donasie ontvang en die vereiste inligting bevestig is.

Kontak ons

Vir navrae, vennootskappe of om deel van Damesjag te word, kontak gerus:

Jonél Fouchee
Voorsitter & Projekorganiseerder
061 513 6296
jonel@dameajag.org.za

Direksie

Jonél Fouchee
Tamryn Thomson
Monique Weidemann